Edu Detto

Geroep vir 'n toekoms

# Edu Detto @ Goedehoop

LAERSKOOL GOEDEHOOP

GROEI EN BLOEI

# Prospektus

## GEE KLEUR AAN JOU LEWE 2026





***Inhoudsopgawe***

1. Verwelkoming
2. Visie en Missie
3. Kurrikulum
4. Onderrigprogram
5. Inoefen-werk / Huiswerk
6. Toetse en eksamens
7. Rapporte en verslae
8. Sport en skoolaktiwiteite
9. Prosedure
10. Skooltye
11. Verhuising en beeïndiging van kontrak
12. Gedragskode
13. Afwesighede
14. Afhaal van leerders
15. Kommunikasie
16. Selfone
17. Voorkoms van leerders
18. Skryfbehoeftes
19. Fooie vir 2026
20. Bankbesonderhede
21. Dokumente vir 2026
    - Edu Detto inskrywingsvorm 2026
    - Toestemming- en Vrywaringsvorm
    - Media toestemming
    - Finansiële kontrak
    - Laerskool Goedehoop Inskrywings vorm (en debietvorm indien u wil)







## 1. Verwelkoming

Geagte ouer van Edu Group

Graag wil ons u bedank vir die tyd wat u spandeer om u te vergewis van die inligting oor ons pragtige leersentrum. Die doel van hierdie prospektus is om vir u 'n duidelike prentjie te skets van wat vir ons by Edu Group belangrik is.

Die inhoud van hierdie dokument fokus op Edu Detto - ons Laerskool afdeling.

In reaksie op die toenemende behoefte aan 'n verbeterde opvoedkundige ervaring stel ons *Edu Detto Prestige Onderrig Kurrikulum* aan u bekend. Ons bied 'n gespesialiseerde kurrikulum wat eksklusief beskikbaar is by Laerskool Goedehoop. Hierdie program is ontwerp vir akademies bekwame leerders en dié met uitstaande potensiaal wat sal baat by meer individuele aandag, gespesialiseerde leiding en 'n holistiese benadering tot onderwys

By Edu Detto is daar 'n plekkie vir almal. Ongeag jou persoonlikheid – of jy 'n ekstrovert is of 'n introvert, dalk hou jy van groepsaktiwiteite (soos rugby, netbal, hokkie ens.) of meer daarvan om jou eie ding te doen (soos fietsry, sing, drama, dans, redenaars ens.) Dit maak nie saak wie/wat jy is nie, jy is deur ons Skepper gemaak met en vir 'n spesifieke doel en daarom het jy hier 'n spesiale plekkie waar ons saam kan groei, leer en ontdek!

Ons is opgewonde om in 2026 hierdie ontdekkingsreis saam met u en u kind aan te pak!

## *2. Visie en Missie*

Visie: Ons streef daarna om met 'n bate-gebaseerde benadering elke leerder te ondersteun met 'n leeromgewing wat sal lei tot die optimalisering van sy/haar potensiaal.

Missie: Edu Detto is verbind daartoe om …

- onderwys aan leerders te bied wat hul ondersteun in hul bepaalde leerbehoeftes;
- daarna te streef om die akademiese druk van leerders te verminder en hul uniekheid optimaal te ontwikkel;
- te poog om die leerder se sterkpunte te gebruik om sy/haar leerbehoeftes aan te spreek;
- om sover as moontlik aanpassings in die klaskamer en onderrig te maak vir maksimale skolastiese funksionering;
- om individuele en groepsverwante terapeutiese ondersteuning aan leerders te bied;
- emosionele en geestelike groei van die leerders te bevorder.

## *3. Kurrikulum*

Van 2025 is ons in vennootskap met Laerskool Goedehoop en gebruik ons die CAPS kurrikulum as die grondslag en word ook gelei deur die navorsings oor: "The pathways in Learner Flourishing in Primary schools". Die bevindings beklemtoon die belangrikheid daarvan om elke leerder se unieke sterkpunte te identifiseer en aan te wend om hul akademiese, emosionele en sosiale ontwikkeling te ondersteun. Deur hierdie insigte te inkorporeer, het *Edu Detto Prestige* ten doel om pragtige "Young Minds" volledig te ontwikkel en hulle voor te berei vir die blink toekoms waarvoor hulle geroep is en waar hulle kan floreer.

**Die Program**

Die *Edu Detto Prestige Kurrikulum* weerspieël die kern akademiese struktuur van Laerskool Goedehoop, maar sluit addisionele, gespesialiseerde voordele in wat aan elke leerder se unieke behoeftes voldoen. Kernkenmerke van die program sluit in:

- **Bategebaseerde Onderrig**: 'n Fokus op die identifisering, mobilisering en bestuur van elke leerder se sterkpunte om uitdagings te oorkom en hul volle potensiaal te ontsluit.
- **Individuele Aandag**: Met 'n 1:10 onderrigverhouding kan opvoeders persoonlike aandag en toegewyde ondersteuning aan elke leerder bied.
- **Holistiese Ontwikkeling**: Die kurrikulum bou kritiese denke, onafhanklikheid, selfbeeld en studievaardighede, wat verseker dat leerders akademies en persoonlik floreer.
- **Geïntegreerde Sosiale en Emosionele Leer**: Emosionele intelligensie, veerkragtigheid en sosiale vaardighede word in die daaglikse leer geïntegreer.
- **Gespesialiseerde Ondersteuning**: Gereelde leiding deur 'n multidissiplinêre span kundiges om te verseker dat elke leerder die ondersteuning ontvang wat hulle benodig.

**Die kurrikulum is veral geskik vir leerders met goeie potensiaal wat sal baat by:**


- Meer individuele aandag in kleiner klasse;
- Gespesialiseerde leiding deur 'n hoogs gekwalifiseerde span wat ondersteuning bied;
- 'n Praktiese, vaardigheidsgefokusde benadering tot onderwys.

**Gespesialiseerde Ondersteuningspan**

Die *Edu Detto Prestige Kurrikulum* word ondersteun deur 'n span professionele persone wat toegewy is aan leerders se sukses:

1. **Opvoedkundige Sielkundiges**
2. **Berader**
3. **Remediërende Onderwysers**

   (Spesialiste in Leerprobleme en Thinking Tools):
4. **Arbeidsterapeut**
5. **Spraakterapeut en Oudioloog**
6. **Kinderkinetikus**
7. **Tomatis Klankterapie Spesialiste**
8. **Spesiale kwalifikasie in lees ondersteuning**



9. **Sensorieseprosessering Spesialis**

Hierdie span werk saam om die kurrikulum te evalueer en opvoeders te ondersteun, sodat leerders individuele sorg ontvang wat hul akademiese en persoonlike groei bevorder.

**Voordele van Edu Detto Prestige**

1. **Verbeterde Akademiese Ervaring**: 'n Kurrikulum wat op elke leerder se sterkpunte en behoeftes fokus.
2. **Gefokusde Leeromgewing**: Kleiner klasse wat 'n optimale onderwyser-leerder-verhouding bied.
3. **Holistiese Groei**: Die program bevorder sensoriese, emosionele, sosiale en akademiese welstand.
4. **Kundige Ondersteuning**: Deurlopende insette en leiding deur 'n span spesialiste.
5. **Ouertevredenheid**: Gemoedsrus dat hul kind die beste moontlike grondslag kry vir toekomstige sukses.
6. **Blink Toekoms**: Leerders word toegerus met die vaardighede, veerkragtigheid en selfvertroue vir ‘n blink toekoms.
7. **Playball**: (Gr 1 – Gr 7) Die doel van Playball is om jong kinders aan konstruktiewe en aangename sportdeelname bekend te stel deur middel van 'n verskeidenheid ouderdomsgepaste programme. Alle programme het 'n "multi-aktiwiteit"-benadering, wat 'n bekwame fondament in al die gewilde sportsoorte wat by die skool gespeel word, verseker.
8. **IQ Science Experiments**: (Gr 1 – Gr 6) IQ science is gemik daarop om jou kind se nuuskierigheid aan te wakker deur vrae te vra soos: “Hoe en hoekom gebeur dit?” en dan die vraag wetenskaplik te beantwoord deur sigbaar, met eksperimentte, te demonstreer en te verduidelik.

Die *Edu Detto Prestige kurrikulum* by Laerskool Goedehoop verteenwoordig 'n baanbrekende geleentheid om in leerders se akademiese en persoonlike groei te belê. Hierdie innoverende program fokus op die benutting van leerders se sterkpunte om hulle te help floreer as onafhanklike, selfversekerde en goed ontwikkelde individue.

Met leiding vanuit ‘n PhD-navorsing oor “*Learner Flourishing*”, kombineer die kurrikulum akademiese uitnemendheid met holistiese ontwikkeling en skep 'n omgewing waarin leerders kan floreer. Deur 'n gemeenskap te vestig waar gespesialiseerde denke saamvloei, is ons doel om leerders voor te berei vir die uitsonderlike toekoms waarvoor hulle bestem is.

Ons sien uit daarna om met Laerskool Goedehoop saam te werk en hierdie visie tot lewe te bring.

## 4. Onderrigprogram

By Edu Detto maak ons gebruik van die CAPS kurikulum vir optimale akademiese vordering.

### *Grondslagfase Gr. R*

Die Gr 1 tot 3 maats doen hul toetsies en assesserings deurlopend in die klas.

Indien daar iets is waarvoor u kind moet voorberei, soos bv 'n mondeling, speltoets of tafeltoets word dit op die kwartaalprogram aandui.

### *Intersenfase Gr. 4 - 7*

'n Volledige kwartaalprogram met die toetsrooster en assesseringsdatums sal aan u deurgegee word. Daar is by die Gr 4 tot 7's meer onderafdelings wat geassesseer moet word en waarvoor die leerders moet voorberei. Alles sal aangedui word.



## 5. Inoefen-werk / Huiswerk

By Edu Detto word daar wel inoefenwerk / huiswerk gegee. Ons poog om hierdie werk so min as moontlik te hou. Hierdie is belangrik vir die leerders en kweek selfdissipline en verantwoordelikheid, so ons vra dat leerders dit asseblief getrou doen.

## 6. Toetse en eksamen

- Grondslagfase se werk word deurlopend geassesseer.
  Speltoetse en hoofrekene klastoetsies word op gereelde basis geskryf.
- Seniorfase skryf jaarliks twee informele toetsreekse en twee formele eksamens. Eksamenroosters en volledige afbakenings word vooraf uitgegee. Speltoetse en hoofrekene klastoetse word op gereelde basis geskryf.




## 7. Rapporte en verslae

Leerders ontvang elke kwartaal 'n verslag ten opsigte van hul akademiese vordering, asook hul sosiale- en emosionele groei.

## 8. Ons Klein Biblioteek

By Edu Detto glo ons dat 'n liefde vir lees die grondslag van leer is. Ons klein, maar spesiale biblioteek gee leerders toegang tot boeke wat hul verbeelding prikkel, taalvaardighede versterk en selfvertroue bou – in 'n veilige, ondersteunende omgewing.



## *9. Sport en skoolaktiwiteite*



Edu Detto leerlinge kan aan al die sport en kultuur aktiwiteite deelneem by Laerskool Goedehoop. **Ons hou elke jaar ons eie Revue wat elke maat die geleentheid gee om deel te neem.**

## *10. Prosedure (NB!)*

Om by ons in te skakel word die volgende stappe eers gevolg om te verseker dat ons die beste opsie is vir u kind:

- Skakel ons Opvoedkundige sielkundige Marié Venter se Praktyk by 071 480 5847 (marieventerpractice@gmail.com ) Bespreek 'n 30 minute evaluasie met die berader.
- Kry terugvoer of u kind toegelaat word vir 'n maand proefperiode.
- Tydens dié maand moet u kind gaan vir 'n volledige assessering by 'n Opvoedkunidige Sielkundige. Indien u reeds verslae het (nie ouer as 2 jaar nie) van 'n Opvoedkundige Sielkundige, verskaf asseblief die verslag en vorige rapport aan die admin van die praktyk vir evaluering.
- Skool sal u skakel indien die skool geskik is vir u kind en nodige inligting gaan verder deur gee word. Indien daar besluit word dat Edu Detto nie die regte omgewing is nie sal die regte verwysings of aanbevelings gegee word.
- Edu Detto gaan ongelukkig geen verantwoordelikheid vat vir onkoste gemaak (bv. Skoolklere, skuif van skole ens.) ten opsigte van probasie tyd voor evaluasie uitslae.

## *11.Skooltye*




***Grondslagfase Gr. R***

- Maandag tot Vrydag : 7:30 – 13:15
- Wagklas 13:00 – 13:30

***Grondslagfase Gr. 1-3***

- Maandag tot Vrydag : 7:30 – 13:15
- Wagklas : 13:15 – 13:30

***Seniorfase Gr. 4 - 7***

- Maandag tot Vrydae : 7:30 – 13:30
- Wagklas 13:30 – 14:00

Bloktye word gevolg tydens eksamentyd en sal betyds gekommunikeer word.

## *12. Verhuising en beeïndiging van kontrak*

Indien 'n leerder verhuis of na 'n ander skool skuif, moet 'n betaalde maand, skriftelik kennis gegee word deur middel van e-pos na: edudetto@gmail.com

Indien ‘n ouer kennis gee voor 20 Oktober en die leerder die jaar voltooi, gaan die jaar ten volle betaalbaar wees tot en met 5 Desember.

## 13. *Gedragskode*

Ons volg Laerskool Goedehoop se gedragskode soos voor in hul huiswerkboek gestippileer is. ’n Huiswerkboek word ontvang met inskrywing.

## 14. *Afwesighede*

Leerders mag slegs weens siekte of om ander grondige redes van die sentrum afwesig wees. Indien ‘n leerder langer as twee dae siek is, moet ‘n doktersbrief ingehandig word. Die leerder moet seker maak dat alle werk wat gemis is, by die onderwysers gekry word en ingehaal word.

## 15. *Afhaal van leerders*

Indien ‘n leerder tydens sentrum-ure afgehaal word, moet die leerder in die kantoor uitgeteken word. Sorg asb. dat al u kontakbesonderhede in u kind se skooldagboek ingevul is sodat die admin personeel nie sukkel om u in die hande te kry nie – wanneer u besonderhede verander, dateer hierdie inligting ook asb. op.

## 16. *Kommunikasie*

By Edu Detto het ons ouer- asook klas WhatsApp-groepe om met ouers te kommunikeer. Belangrike briewe en inligting word elektronies uitgestuur, maar ook in harde kopie.

Die ouer- en klasgroepe word gebruik om inligting vinnig en effektief aan ouers deur te gee. Maak dus asseblief seker dat ten minste een ouer se selfoonnommer deurgegee is sodat u deel kan vorm van hierdie groepe. Verdere inligting en kommunikasie van Laerskool Goedehoop word op die d6-Toep deur gegee.

## 17. *Selfone*

Leerders word aangemoedig om nie selfone na die sentrum te bring nie. Indien ‘n leerder ‘n selfoon by die sentrum het, MOET die leerder se selfoon tydens sentrum-ure af wees. Geen leerder word toegelaat om tydens sentrum-ure hul ouers self te skakel nie. Alle oproepe word vanaf die kantoor gemaak.

## 18. *Voorkoms van leerders*

Die volgende is ‘n paar belangrike aspekte wat ons wil uitlig. Volledige inligting is in ons Gedragskode in die dagboek. Gaan dit asseblief sorgvuldig deur en maak seker van alle inligting.

Edu Detto T-hempies, wat gedra word tydens uitstappies en spesifieke aktiwiteite, is te koop teen R100.

### Skooldrag

Laerskool Goedehoop se skooldrag word gedra en word in die huiswerkboek gestippileer wat elke seisoen gedra moet word.

- Maandae word skoolklere gedra:
  Seuns – 'n Wit skoolhemp met 'n grys broek;
  Dogters – 'n Wit skoolhemp met skoolrok.
- Dinsdag tot Vrydag: 'n Mooi-mooi hemp en broek
- Pryse van skoolklere is op die webtuiste: - www.laerskoolgoedehoop.co.za
  Kan aanlyn bestel word.
- Klerewinkel tye is as volg: Maandag en Vrydag 9:00-9:30
  Woensdag 16:00 – 17:30

**Juwele**

- Slegs 1 oorbel in elke oor;
- Geen hangertjies of armbande.

**Grimering**

- Geen grimering;
- Slegs kleurlose naellak.

**Hare**

- Seuns: Hare moet kort en netjies wees;
- Dogters: Lang hare moet ten alle tye vasgemaak wees. Indien hare aan die skouers raak moet dit vasgemaak wees.
  Kuif moet uit die oë wees

## 15. *Skryfbehoeftes*



'n Volledige skryfbehoeftelys word aan die einde van die jaar saam met die leerder se rapport uitgestuur. Die skryfbehoeftes moet deeglik gemerk word en kwartaalliks aangevul word.

## 16. *Fooie vir 2026*

### Administrasie en registrasiefooie

Jaarlikse administrasie- en registrasiefooi:

- 'n Nie-terugbetaalbare administrasie fooi van R2000 vir alle leerders is betaalbaar teen 1 Januarie 2026.
- Hierdie fooi sluit administratiewe kostes in, asook die aankoop van gebruiksartikels vir die klas bv. seep, wet-wipes en tissues.

- Kwartaalikse boekfooi van R 200.00 vir Gr 4 – 7.
- Playball en IQ Experiments is ingesluit by die skoolfonds.

| Skoolfonds 2026 | | Fase | Maandelikse fooi Jan. tot Des. | Totaal vir die jaar |
|---|---|---|---|---|
| **Totale** skoolfonds per maand NB! | | Gr 1 – 7 | R 3 735.00 | R 44 820 .00 |
| | **Die skoolfonds word soos volg opgedeel en apart by die skole inbetaal per maand:** | | | |
| Laerskool Goedehoop | | Gr 1 - 7 | R 2 135 .00 | R 23 485.00 **(11 Maande)** |
| Edu Detto (Des – Okt)<br>(Nov) | | Gr 1 – 7<br>Gr 1 - 7 | R 1 600.00<br>R 3 735.00 | R 21 260.00 **(12 Maande)** |

### Skoolfooie

Edu Group maak staat op elke leerder se sentrumfooie om sodoende salarisse en ander uitgawes te dek.
Alle skoolfooie moet voor of op die 30ste van elke kalendermaand betaal word.

### Laerskool Goedehoop skoolfonds

Sodra inskrywingsvorms ontvang is gaan die debiteure klerk vir u 'n faktuur stuur met hul bankbesonderhede. Neem asseblief kennis dat L/s Goedehoop ongelukkig nie hier met subsidie kan help nie.

## 17. *Bankbesonderhede*

| Sentrumfooie Edu Detto Gr. R - 7 | Kampe en funksies - Edu Group |
|---|---|
| FNB, Edu Detto,<br>Tjek rekening: 6279 6806 46 5,<br>Takkode: 250 655<br>Verwysing: Leerder naam en van<br>Stuur asb bewys van betaling aan:<br>debtors@rwtax.co.za | CAPITEC Edu Group<br>Rekeningnommer: 2167 488 242<br>Verwysing: Leerder se naam en aktiwiteit<br>Stuur bewys van betaling aan:<br>edugroup.school@gmail.com |
| **Skoolfonds Laerskool Goedehoop** | |
| Vir rekening en verwysings navrae kontak:<br>Debiteure@laerskoolgoedehoop.co.za<br>Tel: 079 270 2327 (WhatsApp)<br>(Rekening sal gestuur word sodra albei skole se vorms en dokumente ontvang is) | Maak asseblief seker dat die betaling in die regte bank in betaal word.<br>EDU GROUP |























142








Junior Interne Kompetisie
Dramaklub
Interne Kompetisie
2025



FOTO HOEKIE








Soek ons op

edudetto@gmail.com
Ma-Vry: 7:30-14:00

**Admin & finansies**

Madelein 072 920 2996
L/s Goedehoop
017 634 7722
debtors@rwtax.co.za
Mo-Vry: 7:30-14:00

Edu Detto

Geroep vir 'n toekoms

- Atletiek-dag
- Skaaplooitjie
- Valentynsdag
- Moedersdag
- Vadersdag
- Revue
- Sokkies
- Kampe
- Eisteddfod
- Prysuitdeling

## Sport en Kultuur

Edu Detto maats kan aan al die aktiwiteite by L/s Goedehoop deelneem!



## Aktiwiteite by Edu Detto

- Playball
- Taekwondo
- Sokker
- IQ science Experiments

LAERSKOOL GOEDEHOOP

GROEI EN BLOEI